### 1.1.1 PhD (Afrikaans en Nederlands)

*Programkode*

39373 – 978(360)

*Spesifieke Toelatingsvereistes*

- ŉ MA in Afrikaans (en Nederlands) of Nederlands of ŉ ander graadkwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig met sodanige magistergraad aanvaar.
- Die Departement kan verwag dat jy bykomende agtergrondleeswerk doen.

*Sluitingsdatum vir Aansoeke*

Doen aansoek teen **30 November** van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

*Programstruktuur*

Jy skryf ŉ proefskrif wat handel oor ŉ spesifieke tema wat in oorleg met jou promotor bepaal word. Die tema staan in verband met die navorsingsfokus van die Departement:

- die kontemporêre of historiese Afrikaanse of Nederlandse letterkunde;
- die literatuurwetenskap; of
- die beskrywende Afrikaanse taalkunde, sosiolinguistiek of taalgebruikskunde.

*Programinhoud*

*Verpligte module*

| | |
|---|---|
| 39373 : Afrikaans en Nederlands | 978(360) |

*Assessering en Eksaminering*

ŉ Proefskrif wat volgens die bepalings van die Universiteit Stellenbosch geëksamineer word. Raadpleeg ook die Algemene Jaarboek, Deel 1, oor doktorale studie.

*Navrae*

Programkoördineerder: Dr Willem Anker
Tel: 021 808 2163    E-posadres: anker@sun.ac.za

Webadres: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts/afrikaans-dutch